



2017 TOYOTA RUST DE WINTER 4X4 JAMBOREE

28 April – 1 May 2017

Die 38 ste Jamboree se sukses getuig van spanwerk. Die Jamboree het reeds 'n statusvlak bereik wat baie moeilik getroef sal word. Vir elkeen het dit 'n unieke en besondere betekenis maar die grootste ervaring bly die samesyn met mede 4x4 entoesiaste.

Baie dankie aan almal wat 'n rol gespeel het om dit te laat slaag. Borge, die Media, Deelnemers, Beampies, die ATV Komitee, verskeie diensverskaffers, en ander mense wat bereid was om ons by te staan. Baie dankie aan almal. Dirk



KINDER PRET

Wat 'n besige naweek, kleingoed het lekker papier gewig klippe geverf. Party was baie kreatief. Klein mannetjie van 2 het so lekker geverf. Sy gesiggie klere en alles was ook geverf. Hy het dit terdee geniet. Van die groter kinders het mooi prentjies gemaak met plakkertjies en sterretjies ens so aan. Van die kindertjies was so oulik hulle het my plante kom versier met van hul hande werk. Namiddag het hulle "cupcakes" versier, selfs die groter kinders het dit ook gedoen, ek reken dit was agter die snaaksigheid aan. Nietemin het almal hulle gate uit geniet.



Lekker gespeel en ge-eet en treintjie gery Saterdag. Dankie aan Oom Frits vir die rondry Saterdag, hy het plek in sy besige skedule gemaak om ons hartjies te kom verbly. Sondag oggend dou voordag was ons gereed by Kontani met die kleingoed se pakkies en hul pragtige General Tire boekie wat tannie Ezette en Rina vir hulle bymekaar gesit het. Dankie daarvoor Ezette en Rina almal het dit terdee geniet.

Terug in die kamp is dit besigheid soos gewoonlik, almal skarrel om die Moedersdag geskenkies gemaak te kry. Potjies is versier met kraletjies en verf en wat ook al. Intussen het hulle lekker gespeel en ge-eet en hulself besig gehou tot die potjies droog was. Nou was potjies gevul met grond en die kleingoed het met sorg hul plantjies gekies uit 'n verskeidenheid van saailinge wat ek saam gebring het. Lekker kleurvol.

Deurentyd het ek die kleingoed met die treintjie aangery, dit was groot pret. Die manne van General Tires het ook saamgery. Dankie aan Ben Jnr wat ook vir ons die treintjie geneem het vroeg oggend.

Namiddag het ons stress balle met meel gevul en hulle het lekker gespeel. Gesiggies opgeplak, ook krale geryg vir mamma. Weer lekker ge-eet en gedrink. Springkastele was 'n wenner die hele naweek. Dankie aan Ericka vir hierdie groot bederfies elke jaar.

Sonder General Tires se bystand en konstante bydrae sou dit nie moontlik gewees het om ons kleingoed so te bederf nie. Baie dankie David en sy span ons waardeer opreg.

Groot dank ook aan Karen Greger, Nelie Smit en al die mamma's en ook 'n Pappa, Bruce Bond wat so mooi gehelp het met die kinders, ek kan nie almal se name onthou nie. Weet net ek waardeer elk se bydrae en insette om van die naweek 'n sukses te maak.

Aan Oom Peter Claasen vir sy mooi ingang wat hy vir ons Lekkerspeel Land gebou het baie dankie dit is baie besonders. Groetnis tot weersiens onder die bome by die park © Tannie Renet

Nr 38

Ja, glo dit as jy wil maar die 38ste jamboree het gekom en gegaan. Weereens was dit baie suksesvol en die bergroete was volgens almal baie lekker.

Ons het weereens die roete in twee gedeel sodat ons almal vinnig in die berg kan kry, wat baie goed werk met die wegspring by die dorp Kontani. Die dorp het eet en drinkgoed en toilette gehad. Ons beplan nog uitbreiding in die toekoms.

Die roete self het my en Frits 'n paar maande gevat om uit te werk, roete te bou, hekke opsit en skoonmaak. Dankie Frits jy is 'n staatmaker.

Met die dag self benodig ons altyd beamptes (ongeveer 30) om op die roete diens te doen of om as beamptes by hindernisse te help of om vrae te vra. Baie dankie vir julle almal, sonder julle hulp gaan ons nie regkom nie.

Dankie ook aan almal wat deel geneem het, sonder julle is daar nie 'n jamboree nie.

Met 38 jamboree's agter die rug werk ons alweer aan Nr 39 en hoop dat 2018 net so suksesvol sal wees. Sien julle daar. Jamboree groete PC



28 Mei 2017

Que x Que

Que Que Hekpoort is op die R563 tussen Krugersdorp en Hekpoort.

GPS coordinate is: S 25 55 48.47 E 27 38 32.10.

Die roete gradering is 3 tot 5. Al die hindernisse is natuurlik en het ompaie.

Ons ontmoet by Sasol Garage op die N14 kruising, 7uur vir 7:30.

Ons voorsien gratis koffie en 1 hotdog per persoon.

Daar sal vure verskaf word vir die middag se braai.

Almal moet hulle eie stoele, eetgerei, kos en drinkgoed bring.

Nie-lede is baie welkom.

Hekgelde R200.00 per voertuig nie lede en R175.00 per voertuig vir lede van die 4x4 ATV klub. Vir navrae kontak asb vir John 082 653 8731

